# EPILOOG



*Die proses van samesmelting as Noordwes-Universiteit (NWU)*
*sedert Januarie 2004*

*Elize van Eeden*

Die samesmelting van universiteitskampusse in die Noordwes-provinsie is in Januarie 2004 formeel verwesenlik.[1] Hierdie samesmelting, soos vanaf 1998 by wyse van wetgewing deur die Ministerie van Onderwys vir die meeste tersiêre instansies in Suid-Afrika geïdealiseer, was een van die eerste samesmeltingprosesse wat prakties ten uitvoer gebring is. Van die PUK-kant beskou, was dit nie 'n eenvoudige proses nie.[2] Letterlik alle denkbare metodes is gebruik om elke Puk en oud-Puk op hoogte te bring van die Universiteit se strategiese posisionering. Vir hierdie doel moes die Rektor, dr. Theuns Eloff, kilometers aflê – afstande wat selfs tot so ver as Londen gestrek het.[3]

Alhoewel die meeste van die vernaamste verwikkelinge insake die totstandkoming van die NWU tot Desember 2003 in sommige van die voorafgaande hoofstukke vervat is, is besluit om ook die jongste besluitneming daaroor in te voeg om sodoende iets van die toekomspad van die NWU, soos dit reeds in 2004 begin is, te dokumenteer.

Vir die meeste PUK-werknemers was seker die vernaamste waarneembare teken dat samesmelting sedert Januarie 2004 inderdaad "gekom" het, die gebruik van die tussentydse korporatiewe embleem op alle publikasies en briefhoofde. Hierdie embleem bestaan uit 'n donker en 'n ligte skakel en die naam van die nuut saamgestelde Universiteit, te wete "Yunibesiti Ya Bokone-Bophirima", "North-West University" en "Noordwes-Universiteit", wat in drie tale regs van die embleem aangebring is.

In die akademiese skakelingsproses was die herkoms en posisie van die Universiteit, heel te verstane, soms 'n uiters sensitiewe aangeleentheid. Na soveel jare se vereenselwiging met 'n karakter-universiteit was die oorgang na 'n nuwe universiteitstatus alles behalwe eenvoudig. Die hunkering en teruggryp na dit wat was, sal waarskynlik nog vir etlike maande en dalk jare vir sommige van die PUK-werknemers frustrasies meebring.

Van bestuursvlak af beskou, was die vooruitsigte wat die samesmelting gebied het, aansienlik gunstiger en is dit met 'n groter entoesiasme begroet. Dr. Theuns Eloff het tydens die jaarlikse openingsplegtigheid in 2004 die studente, ouers, personeel en gemeenskapsverteenwoordigers begroet met: "Ons is deel van 'n historiese gebeurtenis – ons is deel van die eerste werklike multikampus en multidiverse universiteit in Suid-Afrika".[4] In wese kan hierdie mylpaal beskou word as die verwerkliking van 'n pleidooi vir toenadering waarvoor soms sterk en somstyds flouweg op podiums gevra is.

Vir die meeste werknemers van die betrokke kampusse was die nuwe korporatiewe beheer wat in Januarie gevestig is, ewe vreemd en onwerklik en het dit waarskynlik gepaard gegaan met 'n onrustigheid oor die onbekende.[5] Vir diegene wat egter ten nouste met die proses gemoeid was, was daar meer begrip, lig en hoop tussen baie frustrasies deur. Een aspek hiervan is die skepping van 'n bestuursmodel wat vir alle rolspelers aanvaarbaar moes wees.




***Gaste saam met dr. Eloff tydens sy strategiese posisioneringstoespraak in Londen: v.l.n.r. René Taylor (oud-Puk en mede-organiseerder van die geleentheid), Chris Windell (Bemarking), Brümilda van Rensburg (aktrise), en Sello Jelle (Derde Sekretaris, Hoë Kommissariaat, Londen) (Bron:** Kampusnuus, **2 Aug. 2002)***



*Die NWU-Raad, 2004 : voor, v.l.n.r Me. R. Jager, adv. M. Sicwebu, dr. M.N. Takalo, mnr. L. Nyhonyha (Voorsitter), me. L. Sebego (Visevoorsitter), dr. T. Eloff, me. N.M.L. Letlape*
*2e ry: Mnre. N.T. Molusi, G. Mayet, me. P.C. Modiko, dr. C.J. Smit, prof. F. Venter, mnr. T. Matshego, me. J.M. Joubert, mnr. R. Rabanye, dr. J.J. van Zyl*
*3e ry: Prof. A. le R du Plooy, adv. E.J. Britz, me. S. Letsoalo, dr. L. Wessels, mnr. O.J.J. Tabane, mnr. P.G. Mpolokeng, mr. M. Ndandani*
*4e ry: Dr. M.S.M. Molefe, proff. P.P. Krüger, P.J.J. Prinsloo, mnre. P.J.W. Buys, S. Ngwenya, prof. C.F.C. van der Walt*
*Afwesig: Dr. D.C. Cronjé en Advokaat S. Sithole (Bron: Maclez Studios)*

Op 12 Februarie 2004 is die Raad ingevolge die institusionele standaardstatuut gekonstitueer. Dié Raad bestaan uit 30 stemgeregtigde lede en drie nie-stemgeregtigde lede waarvan 15 lede uit interne geledere benoem is (verteenwoordigers van die Potchefstroomkampus, die Mafikengkampus en die Vaaldriehoekkampus) met 18 lede as eksterne benoemings. Onder laasgenoemde tel gemeenskapsleiers, die Konvokasie, ministeriële aanstellings en investeerders uit die privaat sektor met mnr. Litha Nyhonyha as 'n verteenwoordiger van die privaat sektor en aangewys as Voorsitter van die Raad en me. Lydia Sebego as Ondervoorsitter.[6] Daarteenoor is die vyftien persone wat die "interne" gedeelte van die Raad vorm, die verkose bestuur, senaat, akademiese en nie-akademiese personeel en studente.

Nadat Februarie 2004 gekom en gegaan het, is vir weke gekommunikeer, beplan, verskil en ooreengekom oor hoe die wyse van samesmelting op alle vlakke van universiteitswees moet verloop. In Raadsnuusbriewe is die vordering van samesprekings in meerdere tale gekommu-



*Mnr. Litha Nyhonyha, eerste Voorsitter van die NWU-raad, 2004 (Bron: Maryke Steenkamp {Dept. Bemarking en Kommunikasie})*

nikeer. 'n Eerste in hierdie opsig was die Raadsnuusbrief van 12 Maart 2004 wat ook in Tswana gepubliseer is.[7]

Die aanstelling van 'n kanselier en visekanselier sowel as die ontwikkeling van 'n konsepstatuut en 'n konsepvisie vir die NWU was sommige van die eerste sake wat binne die Raad hanteer is.[8] Vroeg in Mei 2004 het die Raad van die NWU die pas aangegee deur die eerste universiteit van die nuut saamgestelde Universiteit te word wat sy eerste permanente Visekanselier aangewys het in die persoon van dr. Theuns Eloff. In 'n persberig is gesê dat sy "gedugte rekord" in die transformasieprosesse in Suid-Afrika heelwaarskynlik aan hom die pos besorg het. Prof. Annette Combrink is enkele maande later as eerste Kampusrektor vir die Potchefstroomkampus benoem.[9]

Om as voorloper te dien vir die aanwysing van komitees vir die Raad, is vier taakspanne lank voor die aanstelling van die Visekanselier benoem om die samestelling en opdrag van sodanige komitees te bepaal.[10] Die tussentydse bestuur het ook die Human Capital Corporation ('n afdeling van Deloitte & Touche) ingekontrakteer om 'n ontleding te maak van die vergoedingstrukture aan die voormalige instellings (die PU vir CHO, UNW en Vista), sowel as om 'n eksterne markvergelyking te onderneem. Die doel hiermee was om vir die toekoms 'n proses te stimuleer waarin die bestuur en vakbonde eenstemmigheid kon bereik oor 'n jaarlikse lewenskostesalarisverhoging, asook oor die voorgestelde eenvormige werksvoorwaardes vir alle personeellede.[11]

Die laaste woord is nog nie gespreek oor die aangewese pad om 'n algemeen aanvaarde bestuursmodel vir die NWU-kampusse daar te stel nie. Soos in die geval van enige korporatiewe samesmeltingsproses is 'n bestuursmodel verweef met kompleksiteite wat gedurende die oorspronklike formele samesmelting nog nie aantoonbaar is nie en dikwels eers maande en jare later op alle vlakke sigbaar word.[12]



# As nuwe visekanselier moet Eloff NU weer rustig maak

Lieze du Preez

Ná 'n lang vergadering is dr. Theuns Eloff, rektor van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), gistermiddag as die eerste visekanselier van die Noordwes-universiteit (NU) aangewys.

Die NU word met dié aanstelling die eerste van die saamgesmelte universiteite wat sy eerste permanente visekanselier aangewys het.

Een van Eloff se grootste uitdagings sal wees om toe te sien dat daar so gou moontlik weer stabiliteit op die NU se kampus in Mafikeng kom.

Dié kampus moes vandeesweek gesluit word weens studente-onrus.

Dit is gister bekend gemaak dat die kampus oormôre weer oop sal wees vir personeellede, maar tot verdere kennisgewing gesluit sal bly vir studente.

Eloff het 'n belangrike fasiliterings- en versoeningsrol gespeel tydens die samesmelting van die twee universiteite. Hy het in 'n verklaring gesê sy eerste prioriteit as nuwe visekanselier is om die momentum van die samesmeltingsproses te behou en dit suksesvol af te handel.

Eloff het gesê die vernaamste mikpunt is om die NU 'n unieke en suksesvolle Suid-Afrikaanse universiteit te maak wat gewortel is in Afrika en kan meeding in die wêreld.

Die NU, tans die vyfde grootste universiteit in Suid-Afrika, het op 1 Januarie vanjaar tot stand gekom ná die samesmelting van die voormalige Universiteit van Noordwes, die voormalige PU vir CHO en die inkorporering van Vista-universiteit se Sebokengkampus. Ná die samesmelting het die NU meer as 35 000 studente en 4 000 personeellede op sy vier kampusse.

*Regs: Die bekendmaking van dr. Theuns Eloff se benoeming as eerste Visekanselier van die NWU (Bron: Naweek Beeld, 8 Mei, 2004, p. 7)*